

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 36

25 Oktober 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MERIETETOEKENNINGSOGGEND
Ons merietesertifikate word Maandag tydens saal uitgedeel. Alle ouers wie se kinders, (graad 4 – 7) toekennings ontvang, het uitnodigings ontvang om die geleentheid by te woon. Ons wil u vriendelik versoek om vroegtydig van u huis te ry, want die verkeer is soggens altyd ‘n probleem.

PRYSUITDELING
Ons prysuitdelings vind op 31 Oktober 2019 plaas. Kyk by die belangrike datums van die week om te sien wanneer die verskillende grade betrokke is. Alle ouers wie se kinders toekennings ontvang, sal in kennis gestel word, sodat hulle die oorhandiging in die saal kan bywoon.

EKSAMEN 2019
Daar is net ‘n **week en ‘n half** oor voor ons eksamen begin. U ontvang vandag die werksafbakening vir die eindeksamen. Begin asseblief vroegtydig voorberei.

SOMERSDRAG
Ons sien dat van die seuns nie die skoolwapen op hul hemde het nie. Volgens die skoolreëls is ‘n sakwapen verpligtend vir die somer. U kan dit by die skool se klerewinkel aankoop as u die skool-wapen benodig. Ons hou op 7 November 2019 inspeksie om dit te kontroleer.

FOTO BESTELLINGS 2019 (SPORT- EN KULTUUR FOTO’S)
Die foto’s is vanaf Vrydag, 18 Oktober 2019 tot Maandag, 28 Oktober 2019 in die voorportaal vir besigtiging. Die bestelvorm is op Donderdag, 17 Oktober 2019 aan u kind gegee.

Voltooi slegs een vorm per huisgesin en stuur dit saam met die oudste/enigste leerling aan die klasonderwyser terug of handig dit by die kantoor voor/op Maandag, 28 Oktober 2019 in. Merk asb, **duidelik** watter foto u wil bestel. Betaling moet bestelling vergesel. Daar sal nie ‘n bestelling vir die foto(s) geplaas word indien die betaling nie saam met die bestelling gestuur word nie.
Die koste van die foto’s: A5 – R 40, A4 – R 50 en A3 – R 70.

VAKANSIENASORG: DESEMBER 2019

Die beheerliggaam het daartoe ingestem dat ons 'n opname maak om vas te stel hoeveel ouers 'n daadwerklike behoefte het om tydens die Desembervakansie van ons nasorgdiens gebruik te maak. Dit kan slegs aangebied word indien daar ten minste 10 kinders is wat daarvan gebruik wil maak.

Die kinders het alreeds op Dinsdag, 22 Oktober 'n brief hieromtrent ontvang. Indien u kind nie in ons nasorg is nie, en u wil graag van die diens gebruik maak, moet u asb. 'n e-pos stuur na admin@lnpark.co.za om die vorm aan te vra.

Die voorgestelde tydperk is:

1. **Donderdag, 5 Desember 2019 tot Vrydag, 13 Desember 2019 (7 dae). (Skole sluit Woensdag, 4 Desember 2019)**
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:30-17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R 350 per kind (R 650 vir 2 kinders) en is vooruitbetaalbaar.
Slegs leerlinge wie se vakansienasorggeld teen 29 November 2019, inbetaal is sal toegelaat word. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie, want ons reël toesig volgens die inskrywings.

TENNIS: OUER-EN-KIND-AAND

Vanaand is dit weer tyd vir ons ouer-en-kind-tennisaand wat om 18:00 onder ligte by die sportveld gehou word. Soos vantevore sal kos en koeldrank te koop wees. Hierdie geleentheid was sover elke kwartaal baie goed ondersteun en ons sien uit daarna om hierdie kwartaal weer 'n hele rits paartjies op die "baan" te verwelkom.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD

Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2019

Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep op diegene doen wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam en van verskaf.

'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK:

Verander die wêreld, Here. Begin by my!

'n Chinese christen

Julle is die lig vir die wêreld. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.

Mat 5: 14, 16

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 084693531

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:

Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 28 Oktober	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** Graad 4 – 7 oggendtoekennings-prysuitdeling vir ouers Musiekeksamen Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30** Kuns graad 3: **14:00 – 15:00** Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00**
Di – 29 Oktober	:	Musiekeksamen Krieket: 0/9A+B teen Verkenner **(t)** Tennis Seuns: Charlo A teen LNP senior A **(w)** Tennis Seuns: Westering A teen LNP senior B **(w)** Tennis Seuns: LNP junior A teen Mount Pleasant A **(t)** Tennis Seuns: Clarendon B teen LNP junior B **(w)** Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30** Kuns graad 3: **14:00 – 15:00** Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00** Skaak: graad 1 – 2: **13:30 – 14:15 (laaste)** Skaak: graad 3 – 7: **14:20 – 15:15 (laaste)** Beheerliggaamvergadering : **16:30**
Wo – 30 Oktober	:	Diplomaplegtigheid Gr. R : **08:30** Klerewinkel: **12:00 – 14:30** Musiekeksamen Krieket: 0/13A teen Gelvan Hub **(t)**
Do – 31 Oktober	:	Diplomaplegtigheid Gr. 1 – 3 : **08:30** Musiekeksamen Dance Kids-ballet graad R: **13:15** Krieket: 0/11A teen Zwide Hub **(t)** Tennis Dogters: Summerwood A teen LNP Senior A **(w)** Prysuitdeling Graad 4 – 7 : Meriete-aandfunksie
Vr – 1 November	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** **MARKDAG** Musiekeksamen

SPORT & KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
16 Oktober	0/13A	Harvest Christian School	LNP teken 229 lopies aan. Reinhardt Welman teken 86 lopies aan. Jason Nell teken 53 lopies aan van slegs 23 balle. Harvest teken 50 almal uit aan. Divan Els neem 4 paaltjies vir 11 lopies. LNP wen met 179 lopies.
22 Oktober	0/11B	Grey Strikers	Grey Strikers teken 75 lopies vir 1 paaltjie plat aan. LNP teken 60 lopies ook vir 1 paaltjie plat. Joshua Latham teken 15 lopies nie uit nie aan. LNP verloor met 15 lopies.
23 Oktober	0/13A	Woodridge	Woodridge teken 113 lopies vir 6 paaltjies aan. Reinhardt Welman neem 2 paaltjies vir 16 lopies. Chanó van Rooyen neem 2 paaltjies vir 22 lopies. LNP teken 104 lopies aan vir 9 paaltjies. LNP verloor met 9 lopies.

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
22 Oktober	LNP A Seuns	Grey A	LNP wen met 9 spelle!
22 Oktober	Junior A	Herbert Hurd	LNP en Herbert Hurd speel gelykop
22 Oktober	Junior B	Herbert Hurd	Herbert Hurd wen met 4 spelle

OP-TWEEKAMP INTERPROVINSIALE UITSLAE : 19 OKTOBER 2019

Juwan Wium in graad 7 het op Saterdag, 19 Oktober aan die OP Interprovinsiale Tweekamp-byeenkoms waar hy sy provinsie verteenwoordig het, deelgeneem en algeheel 1ste van die seuns 0/13 geëindig en omtrent die Vrystaat- en Grens-manne laat les opsê. Hy het sy 1200m hardlooptyd van 4:22 na 4:09 verbeter en sy 100m swem in 1:06 geswem. Met hierdie goeie oorwinning is Juwan dan ook nommer 1 op die Nasionale Tweekamp ranglys. Baie geluk met hierdie uitstaande prestasie!

BALLET

Lea Gerber in graad 2R het gedurende Meimaand vanjaar die “Royal Academy of Dance” graad 1-ballet eksamen afgelê en met meriete geslaag. Baie geluk!